HANGKLIP ATLETIEK KLUB KONSTITUSIE

1. NAAM
Die naam van die klub is **Hangklip Athletics Club** (hierna 'klub' genoem).

2. DOELSTELLINGS
Om atletiek as voorkeursport te bevorder en toeganklik te maak vir almal wat daaraan wil deelneem of op 'n ander wyse wil ondersteun.

3. AFFILIASIE
Die klub sal affilieer as lid van Boland Atletiek en te alle tye optree in ooreenstemming met die reëls en regulasies van Atletiek Suid-Afrika (ASA) en die Internasionale Amateuratletiekfederasie.

4. LIDMAATSKAP
Enige amateur (in ooreenstemming met Boland Atletiek reglemente) is geregtig om lid te word en word as sodanig erken nadat hy / sy die nodige ledegelde betaal het.

5. STEMGEREGTIGDE LEDE
Stemgeregtigde lede word beperk tot daardie lede ouer as 16 jaar wat tydens stemming 'n vol opbetaalde lid van die klub is.

6. LEDEGELDE
Ledegelde vir 'n finansiële jaar word deur die bestuur bepaal nadat Boland-atletiek sy lisensiegeld bekend gemaak het, maar nie later as by die eerste vergadering van die kalenderjaar nie.

7. BESTUUR
Die bestuur van die klub word by die Algemene Jaarvergadering vir 1 jaar verkies en sal bestaan uit die volgende ampte met verantwoordelikhede:
7.1 Voorsitter – Leier en koördineerder, eenheid en motivering;
7.2 Sekretaris – agendas en notules, korrespondensie;
7.3 Organiseerders vir die afdelings Baan-en-Veld, Landloop en Padwedlope – organisering van byeenkomste en ontwikkeling van lede;

7.4 Tesourier – alle finansiële aangeleenthede van klub, boekhouding, bankrekening en state;
7.5 Kaptein – motivering en dissipline;
7.6 Bykomende lede vir enige ander portefeuljes en verantwoordelikhede soos by ‘n algemene jaarvergadering bepaal.
7.7 Bestuur koöpteer lede indien daar vakatures in die termyn ontstaan en mag sub-komitees na wense stig.

8. ERELEDE

8.1 Erelidmaatskap van die klub word aan ‘n lid of weldoener toegeken indien sodanige voorstel deur 75% van die stemgeregtigde lede by ‘n algemene jaarvergadering aanvaar word.
8.2 ‘n Erelid word van die betaling van verdere ledegelde vrygestel maar kan alle lidregte en –voorregte uitoefen.

9. BEëNDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap word beëindig wanneer ‘n lid bedank, Bestuur ‘n lid skors, of as ‘n lid nie sy/haar ledegelde betaal nie.

10. ALGEMENE JAARVERGADERING

10.1 Die algemene jaarvergadering is die hoogste gesag van die klub en word jaarliks binne 30 dae na afloop van ‘n finansiële jaar gehou.
10.2 Die volgende sake word by die vergadering behandel:
10.2.1 Notule van vorige vergadering;
10.2.2 Voorsitter se verslag;
10.2.3 Finansiële state en verslag;
10.2.4 Enige ander verslae;
10.2.5 Wysiging aan konstitusie;
10.2.6 Verkiesing van lede van Bestuur;
10.2.7 Verkiesing van erelede;
10.2.8 Bepaling van ledefooie;
10.2.9 Aanwysing van boekhouer; en
10.2.10 Enige ander saak deur die Voorsitter goedgekeur.

10.3 Skriftelike kennisgewing van die vergadering met ‘n ingeslote agenda moet ten minste 14 dae voor die vergadering aan lede gepos word.
10.4 Die Voorsitter van Bestuur tree as Voorsitter van die vergadering op.
10.5 Een derde van alle stemgeregtigde lede vorm ‘n kworum.
10.6 Indien ‘n kworum na 30 minute van die aanvangstyd van die vergadering nie beskikbaar is nie, word die vergadering met 14 dae kennis binne 30 dae herbelê en die aanwesige lede vorm ‘n kworum.
10.7 Elke stemgeregtigde beskik oor slegs een stem wat hy / sy sal uitbring in ooreenstemming met die Voorsitter se bepalings.
10.8 Besluite word geneem deur ‘n meerderheid van stemme.
10.9 Besluite kan slegs by ‘n volgende vergadering gewysig word.

11. BESTUURSVERGADERINGS

11.1 Bestuur vergader een maal per maand of soos deur die Voorsitter bepaal.
11.2 Geen kworum word vereis nie aangesien die Voorsitter bepaal of voldoende lede teenwoordig is om die agenda af te handel.
11.3 Die Voorsitter bepaal die agenda en orde van die vergadering.
11.4 Besluite kan te enige tyd by ‘n volgende vergadering gewysig word.

12. FINANSIES

12.1 Die boekjaar strek van 1 Maart tot 28 Februarie van die volgende jaar.
12.2 Die tesourier hanteer alle finansiële aangeleenthede, asook die klub se bankrekeninge en doen maandeliks verslag aan Bestuur.
12.3 Die klub stel ‘n onafhanklike boekhouer aan om sy boekhouding te ouditeer.
12.4 Die Voorsitter en Tesourier het tekenmagte op die tjekrekening, waarvan slegs een handtekening vir enige transaksie benodig word.

13. KLUBKLEURE

Bestuur bepaal die klubkleure en die amptelike gebruik daarvan.

14. DISSIPLINE

14.1 Alle lede onderwerp hulle aan die Grondwet en sal hulle op so ‘n wyse gedra dat hulle die klub en die sport se waardes en norme uitdra en uitleef.
14.2 Indien enige lid daarvan verdink of beskuldig word dat hy / sy die Grondwet verontagsaam of die waardes en norme van die klub nie gestand gedoen het nie, sal die Voorsitter ‘n vergadering met die beskuldigde lid belê waar die beskuldigde lid kans gegee sal word om sy / haar kant van die saak te stel.
14.3 Indien die Voorsitter nie tevrede is met die verduideliking van die lid nie, kan hy ‘n Bestuursvergadering belê waar alle partye geleentheid gegee word om hul saak te stel.
14.4 Bestuur kan, na oorweging, een van die volgende beslissings maak:
14.4.1 Onskuldig;
14.4.2 Skuldig: Eerste waarskuwing;
14.4.3 Skuldig: Finale waarskuwing;
14.4.4 Skuldig: Tydelike skorsing; of
14.4.5 Skuldig: Skorsing van die lid.

15. WYSIGING VAN KONSTITUSIE

Die konstitusie van die klub kan slegs by ‘n algemene jaarvergadering gewysing word indien 75% van stemgeregtigde lede teenwoordig daartoe instem en nadat sodanige voorgestelde wysiging by die kennisgewing van die vergadering ingesluit was.

16. ONTBINDING

Die klub kan slegs ontbind word by ‘n algemene jaarvergadering en indien 75% van stemgeregtigde lede teenwoordig daartoe instem en nadat sodanige voorgestelde ontbindingsvoorstel in die kennisgewing van die vergadering ingesluit was.